

IV. VIERINGS MET GEDEELTELIKE STATUTÊRE ERKENNING TOT NA DIE ANGLO-TRANSVAALSE OORLOG (1864 TOT 1881)

1. HERDENKINGS HERLEEF EN GROEI IN NATAL (1864)

In die tweede helfte van die negentiende eeu het twee denkrigings ‘n vername rol op die Suider-Afrikaanse kerklike toneel vertolk, naamlik die Liberalisme en as teenreaksie daarop, die Herlewing. Tydens die Sinode van 1862 in Kaapstad, het die ondersteuners van die twee rigtings hewig gebots. Die aanhangers van die Herlewing wou ‘n godsdienstige opbloeい in die Nederduitse Gereformeerde (Ned. Geref.) Kerk bewerkstellig deur byvoorbeeld weeklikse bidure en meer religieuse samekomste in te stel. Cilliers het dié Sinode bygewoon en was een van die persone wat ten gunste van die Herlewing was. Later is selfs beweer dat hierdie ingesteldheid sy formulering van die Gelofte in 1870 beïnvloed het. Twee leraars wat ook sterk teen die Liberalisme se minder ortodokse godsdiensteskouing gekant was, was di. D.P.M. Huet (1827-1895) en F.L. Cachet (1835-1899). Huet was reeds sedert 1858 in Natal werksaam — aanvanklik in Ladysmith en vanaf 1860 in Pietermaritzburg. Cachet is deur Huet gewerf om met die bediening in Natal behulpsaam te wees en was sedert 1861 as assistent van laasgenoemde in Ladysmith se gemeente werksaam.¹

Tydens ‘n Algemene Kerkvergadering van die Natalse Kerke, is ‘n voorstel op 20 Oktober 1864 aanvaar dat 16 Desember voortaan as kerklike dankdag in al die Natalse gemeentes gevier moes word. Die voorstel het van Huet gekom en is deur Cachet gesekondeer.² Die vrees het by hulle bestaan dat indien die aantal oorspronklike Trekkers in Natal verder sou verminder, die Gelofte in vergetelheid sou verval. Die Kerkvergadering se besluit het hierdie moontlikheid uitgeskakel.³ Dit is vreemd dat die eerste amptelike instelling van die Gelofteherdenking dus aan Huet en Cachet, wat beide in Nederland gebore is en nie aan die Groot Trek deelgeneem het nie, te danke is. Hulle motiewe is dikwels in later jare bevraagteken. Vir Huet het dit skynbaar

¹ B. Spoelstra, Kan Geloftedag oorlewe?, *Instituut vir Reformatoriese Studiestukke* F1(180), pp. 22-23; W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 143-144; W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, pp. 323-324.

² M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 15.

³ Ned. Geref. Kerkargief, Pretoria: Notulen van de Zesde Algemeene Vergadering van de Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Z.A.R., 1897-11-18 en volgenden dagen, p. 5.

hoofsaaklik gegaan om ‘n begeerte om die Gelofte na te kom en God daardeur te vereer. Hy het by die ouer garde van die Gelofte verneem. Die idee het hom aangegryp en hy het gevoel dat so ‘n plegtige onderneming teenoor die Here nie in die vergetelheid kon raak nie.⁴ Cachet se motivering was meer kompleks. Hy het, moontlik weens sy eie Joodse afkoms, die Afrikaner met die volk Israel in die Ou Testament geassosieer. Met hierdie Bybelse agtergrond sou hy vanselfsprekend voel dat die Gelofte nagekom moes word. Hy was ook die eerste persoon wat ‘n nasionalistiese inhoud aan Geloftevierings gegee het — ‘n element wat later in baie ander toesprake en preke by Geloftefeeste na vore sou tree.⁵ Omdat Huet en Cachet ondersteuners van die Herlewing was, kan ‘n mens verstaan dat die konsep van ‘n jaarlikse Gelofteherdenking deur ‘n hele kerk of volk beide manne sou aangegryp het.

Nadat die Kerkvergadering in 1864 tot bogenoemde besluit gekom het, is 16 Desember gereeld in die Natalse kerke gevier.⁶ Daar is bewerings dat ‘n groot byeenkoms reeds op 16 Desember 1864 op die Bloedrivierterrein plaasgevind het. Dit is onder meer gegrond op verwarringe datums in Cachet se herinneringe wat in sy werke *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald* en *Vijftien jaar in Zuid-Afrika (Dele I en II)* gepubliseer is.⁷ Meer onlangs het intensiewe navorsing aangedui dat ‘n byeenkoms wel in 1864 in die Ned. Geref. Kerk in Pietermaritzburg plaasgevind het. Dit is nie seker of dit op 16 Desember of op die Sondag naaste daaraan gehou is nie, maar in dié jaar was daar nog geen fees by Bloedrivier self nie.

Onder die twee leraars se leiding het herdenkings in Natal toegeneem. Die eerste geskrif wat die viering van die Gelofte bepleit het, is deur ds. Huet geskryf en het in 1865 as pamphlet in

⁴ F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 44.

⁵ W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, pp. 77-79.

⁶ H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 11.

⁷ F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, p. 201; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 11-13; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 16; J.V. Smit, Die historiese hopie klippe te Bloedrivier, *Die Saamwerk-Eeuvese-gedenkuitgawe*, p. 61; AREA, Bloemfontein: PV 202, Léer 11/5/1/1/1: Program van die feesviering in verband met die onthulling van die monument by Bloedrivier gedurende 13 – 16 Desember 1947, p. [1]; J.T. Jordaan, 1838 – 1866 – Vandag Geloftedag, *Die Kerkbode* 92(24), 1963-12-11, p. 835; *Die Volksblad*, 1964-12-16 (Redaksioneel), p. 6; A.P.J. van Rensburg, Monuments van Suid-Afrika III: Die Sondagslag by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 37(6), Mei 1966, p. 26; *Die Volksblad*, 1967-12-15 (Redaksioneel), p. 10; *Byvoegsel tot Die Volksblad*, 1967-12-15 (Die Gelofte van 16 Desember), p. 3; W.A. Stals, Die Gelofte. Die instelling en viering van Geloftedag, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 11; D.J. Kotzé, Moet Geloftedag gevier word?, *Die Huisgenoot* 42(2592), 1971-12-10, p. 41; O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, simbool van vryheidsin, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 14; F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Gelofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, p. 11.

Pietermaritzburg verskyn. Die titel daarvan is *De zestiende December: Herinnering aan de merkwaardige verlossing der Afrikaanse Emigranten op Zondag, 16 December 1838 te Bloedrivier*. Huet wou sy gemeentelede hiermee bewus maak van die gebeure wat ‘n jaarlikse viering van 16 Desember genoodsaak het.

Gedurende 1865 is Cachet na Utrecht beroep en het hy die Bloedrivierslagveld gaan besoek. In daardie stadium was die grond die eiendom van ‘n ouderling van Cachet, Jan de Jager. Hy het De Jager vervolgens oorreed om die grond aan die Ned. Geref. Kerk te skenk sodat dit deur die hele volk benut kon word. Die twee mans het die idee om jaarliks op 16 Desember by Bloedrivier fees te vier, bespreek. Hierdie plan het nog nie in 1865 gerealiseer nie, hoewel ‘n spesiale diens weer in Desember in die Ned. Geref. Kerk in Pietermaritzburg gehou is.

Teen 1866 was ds. Huet steeds besig om die vervulling van die Gelofte wyd te propageer. Op Sondag 16 Desember 1866 is ‘n nuwe kerk op Greytown ingewy. By die geleentheid het Huet verklaar dat die oprigting van hierdie kerk ook deel van die nakoming daarvan was.⁸

Op dieselfde datum, naamlik 16 Desember 1866, is die eerste grootskaalse buitelugviering by Bloedrivier aangebied. Vanaf 15 Desember het tussen veertig en vyftig waens in ‘n laer op die terrein saamgetrek. Van die Zulugroepe wat in die omgewing gewoon het, was ontsteld om soveel blankes daar byeen te sien, maar De Jager het hulle gerusgestel dat dit geen gevaar vir hulle sou inhou nie. Hulle kommer dui aan dat die Slag van Bloedrivier steeds helder in hulle geheues was en dat dit ook onder hulle ‘n keerpunt in hulle volksbestaan verteenwoordig het.

Op dieoggend van 16 Desember 1866 het Cachet oor Exodus 17 vers 15 gepreek (waar beskryf word hoe ‘n altaar tot eer van die Here gebou word), waarna ‘n ete gevolg het. In die middag het mans en seuns ‘n klipstapel as gedenkteken aan die Slag opgerig. Dit is gedoen op die plek waar die middel van die laer van 1838 na bewering was. Die nuuskierige Zulutoeskouers het die vierders gehelp deur klippe nader te rol. Na die tyd het die aanwesige kinders saamgesing. Cachet het ‘n herdenkingstoespraak gehou waarin hy weer die noodsaak om die dag te gedenk en sendingwerk onder swart ongelowiges bepleit het. Dit het voortaan ‘n nuwe dimensie aan

⁸ *Beeld*, 1985-12-17 (Geloftedagviering oral in die land), p. 11; F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, pp. 43-45.

die gedeelte van die Gelofte wat oor die bou van ‘n kerk handel, verleen, naamlik dat dit ook die uitdra van die koninkryk van God aan ongelowiges behels. Na afloop van sy toespraak het oud-stryders hulle herinneringe aan die Slag van Bloedrivier vertel. Intussen het Cachet deur middel van ‘n tolk vir die swart werkers wat saam na die fees gekom het, asook die Zulu-inwoners van die omgewing, gepreek. Hy het vertel dat hy die oggend ‘n boodskap van die Zulukoning, Cetshwayo (c. 1826-1884), gekry het waarin die koning verklaar het dat hy bly was dat ‘n predikant op die plek kom kerk hou het. Cachet het Cetshwayo laat weet dat ‘n gedenkteken met die naam “Vrede” op die plek van die Slag opgerig sou word en dat harmonie hopelik voortaan tussen die Zuluvolk en blanke Natallers sou heers. Cachet het die anderskleuriges aangemoedig om hulle te bekeer. Die dag se verrigtinge is met gebed en sang afgesluit.⁹

Hierdie buitelugfees het die grondslag vir die program en vorm van duisende toekomstige Gelofteherdenkings gelê. Die laertrekproses, dienste en toesprake deur oud-stryders het jare lank ‘n integrale deel van feeste uitgemaak.

In 1867 is ‘n byeenkoms weer op die Bloedrivierterrein gehou. Die klipstapel van 1866 is skynbaar vergroot en ‘n bejaarde Zulu wat in 1838 aan die Slag deelgeneem het, was ook by die proses betrokke.¹⁰ Intussen het Huet en Cachet se ywer Gelofteherdenkings veel verder as net in Natal veld laat wen.

2. ERKENNING EN HERDENKINGS IN DIE ZAR (1865 TOT 1878)

a. Statutêre erkenning in Transvaal (1865)

In Transvaal is kennis geneem van die Natalse kerklike verwikkelinge rondom die Gelofte. Op 3 Junie 1865 het die Uitvoerende Raad van die ZAR die Natalse Ned. Geref. Kerk se voorbeeld

⁹ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 161; F.L. Cachet, *De worstelstryd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, p. 201; M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238; A.P.J. van Rensburg, Monumente van Suid-Afrika III: Die Sondagslag by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 37(6), Mei 1966, p. 11; A.P. van der Colf, Grootse Geloftefees te Bloedrivier, *Die Kerkbode* 108(23), 1971-12-08, p. 784; J. Vlok, Die hopie klippe, in A.P. van der Colf (red.), “Hier staan ons ...” *Geloftefeesbundel*, p. 63; A.E.F. Bosman, Bloedrivier, “Kribbe van’t Afrikaner Volk”, *Die Kerkbode* 114(24), 1974-12-11, p. 763; F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, pp. 44-47.

¹⁰ F.L. Cachet, *De worstelstryd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, pp. 201-202; *Beeld*, 1985-12-17 (Geloftefeesviering oral in die land), p. 11; F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, pp. 44-47.

gevolg en bepaal dat 16 Desember voortaan ‘n openbare vakansiedag in dié republiek sou wees. Dit het nog nie ‘n spesifieke naam gehad nie. Daar is bepaal dat regeringskantore in die ZAR op die datum gesluit sou wees. Die Uitvoerende Raad het opdrag gekry om toe te sien dat alle predikante in Transvaal op die dag ‘n openbare diens moes hou.

Omdat Natal onder Britse gesag gestaan het, het die inisiatief vir die viering van 16 Desember aldaar vanaf kerklike kant uitgegaan. Die ZAR was egter ‘n onafhanklike Boererepubliek wat beteken het dat die Regering 16 Desember tot vakansiedag kon verklaar. Dit was die eerste statutêre erkenning wat deur ‘n owerheid aan 16 Desember verleen is.¹¹

Al was die besluit nie van ‘n kerk afkomstig nie, het die ZAR se wetgewing wel kerklike steun geniet. Op 22 Desember 1865 het ds. Dirk Postma (1818-1890) van die Gereformeerde Gemeente Rustenburg die mening uitgespreek dat vierings wenslik was, maar eerder op die eerste Sondag na 16 Desember moes plaasvind. Hy het gevoel dat die Gelofte slegs op kerklike wyse eerbiedig moes word. Die vrees het bestaan dat 16 Desember deur ledigheid of uitspattighede ontsier kon word indien dit as ‘n openbare vakansiedag gevier sou word. Deur dit op ‘n Sondag te herdenk, sou die vierings outomaties aan Sondagwetgewing onderhewig wees.¹² Sover vasgestel kon word, is geen reaksie van die Regering se kant af op ds. Postma se uitspraak gelewer nie.

In Maart 1867 het die Nederduitsch Hervormde (Ned. Herv.) Kerk van Transvaal ook hulle goedkeuring aan die Volksraadbesluit van 1865 toegesê.¹³

b. Herdenkings in die ZAR tot met die Britse Anneksasie in 1877

Vir die meeste inwoners van die ZAR was 16 Desember net ‘n gewone vakansiedag. Wanneer dit op ‘n Sondag geval het, is die Maandag daarna ook tot vakansiedag verklaar. Dit is in die

¹¹ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 14-15; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 16-17; F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 47.

¹² W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 628; B. Spoelstra, Die <Doppers> in Suid-Afrika 1760-1899, p. 213; H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 13; B. Spoelstra, Is Geloftedag ‘n Sabbat?, *Woord en Daad* 19(208), Desember 1979, p. 6.

¹³ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 17.

omgang as ‘n “rust- of feestdag” beskryf. In 1873 het die Transvaalse pers berig dat alle regeringskantore en sekere besighede in Pretoria op 16 Desember van daardie jaar gesluit sou wees. Enkele ander sakeondernemings sou gewoonweg oopbly. ‘n Krieketwedstryd het op Kerkplein plaasgevind en baie mans het die dag gebruik om te gaan jag.¹⁴

Dit was ook die geval op Woensdag 16 Desember 1874, toe ‘n spesiale krieketwedstryd tussen die sogenaamde President’s Eleven en lede van die Pretoria Club gereel is. Dit is deur laasgenoemde span gewen.¹⁵

In 1875 het *De Volksstem* probeer vasstel waarom daar steeds geen geesdrif in die ZAR vir die “verjaardag onzer vrijheid” bespeur kon word nie. Volgens die koerant was die dag se vierings ‘n flou affère, terwyl dit huis die volk se grootste feesdag moes wees. Die hoop is verder uitgespreek dat die gebrek aan entoesiasme vir herdenkings nie ‘n teken van ‘n tanende nasionaliteitsgevoel was nie. *De Volksstem* het in dié jaar 16 Desember interessant genoeg spesifiek Dingaansdag genoem.

Die enigste spesiale feesgeleentheid waarvan in 1875 in die ZAR melding gemaak is, was andermaal ‘n krieketwedstryd. Dit het hierdie keer tussen die getroude en enkellopende mans van Pretoria plaasgevind en die getroudes het as oorwinnaars uit die stryd getree. ‘n Interessante gewoonte wat in dié jare opgemerk is, is dat vlae op 16 Desember by enkele huise in Pretoria vertoon is.¹⁶

Hoewel dit Dingaansdag was, het *De Volksstem* tog op Saterdag 16 Desember 1876 verskyn. Om aan dié spesiale geleentheid erkenning te verleen, is ‘n gedig met die titel *Dingaans-Dag. 16 December 1838* in die koerant geplaas. Dit is skynbaar kort na die Slag van Bloedrivier deur een van die deelnemende Trekkers, C. Hattingh, geskryf. In die gedig word alle erkenning vir die oorwinning oor die Zulumag aan God gegee, maar die Geloofte word nie direk genoem nie. Die spelling en punktuasie hiervan is so na as moontlik aan die oorspronklike teks gehou, maar die mikrofilm se kwaliteit het dit moeilik leesbaar gemaak:

¹⁴ *De Volksstem*, 1877-12-11 (Berig), p. [2]; H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 14.

¹⁵ *De Volksstem*, 1874-12-19 (Berig), p. [2].

¹⁶ *De Volksstem*, 1875-12-18 (Berig), p. [4]; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 49; F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Geloofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, p. 11.

Er is een dapper stuk gebeurd
 Op zeker heeten dag,
Toen Dingaan zijn paleis en land
Bezoedeld had met bloed en brand
 En het lagehend rooken zag.

Een dapp're daad is er gebeurd,
 Waar menig pen van waagt,
Toen Dingaan ras zijn vuig belang
Met marteldood en helsche dwang
 Gansch onbeteugeld steeg.

De boer riep: rijdt: hij baadde zich
 In't dierbaar burgerbloed.
't Heugt hen als mijn vuist hem vat,
Dat ik zijn magt in duigen spat,
 Hij siddert voor mijn moed.

Pretorius roept: "O! Broeders, op!
 "U dreigt een boos verraad.
"Te zwak bij ontijd en bij nacht,
"Te zwak, o! Broeders, is de magt
 "Zoo gij niet vast hier staat."

Dingaan komt uit zijn aaklig hol,
 Van achter bosch en wal.
Hij zamelt door een wenk en roept
Een schrikverwekkend plundertroep,
 Veel duizend mannental.

"Nu keert de Boer niet Kaapwaarts weer,
 "Met al het blank gespuis;
"Nu ziet hij nooit zijn kind'ren meer,
"Mijn volk velt elk van hen ter neer,
 Vermorzelt hen tot gruis.

"Pretorius sterft voor mijn oog —
 "Ik hijg al naar zijn bloed,
"Ik zal hem leeren aan 't schavot,
"Dat wie vorst Dingaan eens bespot,
 "Niet andermaal het doet."

De rooverbende brak nu los,
 En jaagt in een galop.
Zij reenen met den snelsten draf
Al op de Boeren woedend af,
 Doch stoeten er den kop.

Terug! wijk, wreede Kafferheir!
Hier wacht u kruid en lood.
“Trekt heen,” roept hun de burger toe;
“Doch zijt gij ‘t leven zat en moe,
“Hier wacht u dan de dood”.

Men antwoordt met een kloek gelach,
Dat door het luchtruim kraakt:
Men tiert, men schreeuw, men schiet, men woel
Op niets dan roof wordt hier gedoeld,
Dewijl de boer genaakt.

Maar o! de Boeren branden los
En geven kloek bescheid.
Hun dunt reeds met het eerste schot,
Het vreeslijk tal van ‘t Kafferrot,
Door treffelijk feit op feit.

De beul, ontzet van dit bedrijf,
Staat als versteend van schrik.
Hij dacht, van dubbel schrik verward,
De donder knalt dat hier hem tart,
En ‘t weerlicht voor zijn blik.

Hij vecht nogthans, hij woelt en weert,
Hij steekt, hij wondt, hij klooft;
Doch rondom hem langs ‘t groene pad
Ziet hij het veld met bloed bespat —
‘t Geschut brult hem om het hoofd.

Hij wijkt; hij ziet geen uitkomst meer;
Hij vlugt na kort besluit.
Maar o! de Boer wrekt nu zijn gae,
En kent en volgt den booswicht na —
Volgt hem met lood en kruid.

Hoezee! gewroken is de wees,
De ouderdom en jeugd
Pretorius voor deez’ heldendaad
Is ‘t dat mijn kloppend harte slaat,
Van onuitspreekbre vreugd.

Triomf! gij zegevierend heir,
Triomf! God lof! gij leeft,
Als overwinnaar keert gij weer,
Dank, loof en prijs den Opperheer,
Die d’ overwinning geeft.

Blijf, moordziek monster, in uw slot
Gij hebt den slag gevoeld.
't Was niet door list volbracht, die zaak
Maar door een zuivre, ed'le taak
Heeft men zijn bloed gekoeld.¹⁷

Buiten dié gedig, is daar geen ander aanduiding oor hoe die Gelofte in 1876, op die vooraand van die Britse Anneksasie van Transvaal, gedenk is nie.

c. **Transvaalse herdenkings onder Britse beheer (1877 en 1878)**

Dit blyk dat daar grondige redes vir *De Volksstem* se kommer van 1875 oor 'n gebrek aan nasionalisme in Transvaal was. Op 12 April 1877 het Brittanie die ZAR sonder noemenswaardige teenstand of die vuur van 'n enkele skoot geannekseer.¹⁸

Daar was onsekerheid of Dingaans-Dag (soos dit nou bekend was), 'n openbare vakansiedag sou bly. Omdat dit in 1877 op 'n Sondag geval het, is die viering daarvan nie noemenswaardig deur die anneksasie geraak nie. Volgens die ou bedeling sou Maandag 17 Desember 'n amptelike vakansiedag moes wees.¹⁹ Dit kom voor of die Britte voorlopig by dié reëling gehou het, aangesien geen Hooggeregshofsitting op Maandag 17 Desember 1877 plaasgevind het nie. Daar was wel sittings op Saterdag 15 Desember en Dinsdag 18 Desember 1877.²⁰

In Desember 1878 was daar steeds geen sekerheid oor die status van Dingaansdag nie.²¹ Die veertigste herdenking van die Slag van Bloedrivier het op die vooraand van die Anglo-Zulu-oorlog van 1879 plaasgevind. Moontlik het die toenemende konflik met die Zuluvolk die Britte simpatiek teenoor die viering van 16 Desember in die ZAR gestem, want daar was weer geen melding van 'n hofsitting of ander amptelike bedrywighede op dié dag nie.²²

¹⁷ C. Hattingh, Dingaans-Dag, 16 December 1838 [gedig], *De Volksstem*, 1876-12-16, p. [2].

¹⁸ D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 157.

¹⁹ *De Volksstem*, 1877-12-11 (Berig), p. [2].

²⁰ *De Volksstem*, 1878-01-01 (Hofverslae), p. [3].

²¹ *De Volksstem*, 1878-12-14 (Berig), p. [3].

²² *De Volksstem*, 1878-12-28 (Hofverslae), p. [6].

3. WYER BELANGSTELLING IN DIE GELOFTE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT (1869 TOT 1878)

In die Vrystaat was die Cilliers-familie seker onder die mees getroue vierders van die Geloofte. Tydens ‘n sitting van die Vrystaatse Sinode het ouderling S.J. Cilliers van Kroonstad (‘n seun van Sarel Cilliers) op 20 April 1869 versoek dat die Vrystaatse Ned. Geref. Kerk, soos in Natal, 16 Desember jaarliks as kerklike dankseggingsdag moes herdenk. Om redes wat nie genotuleer is nie, is die voorstel afgekeur. Vrystaatse feeste het voorlopig ‘n private aangeleentheid gebleef.²³

Hoewel die OVS steeds ‘n onafhanklike republiek was, het entoesiasme vir Gelofteherdenkings aldaar meer as in die ZAR ontbreek. Op 16 Desember 1878 is die eerste openbare Dingaansdagbyeenkoms sover bekend by Vegkop gehou.²⁴ Ouderling S.J. Cilliers was weer die persoon wat die aksie geïnisieer het, maar helaas was net agt persone by die viering teenwoordig.²⁵ Tog sou byeenkomste op die terrein in die komende dekades groei sodat dit in die twintigste eeu een van die Vrystaat se vernaamste Dingaansfeesplekke sou word.

4. VOORAAND (1879) EN VERLOOP VAN DIE ANGLO-TRANSVAALSE OORLOG (1880 TOT 1881)

a. Wyer bekendstelling van die Geloofte (1879)

Die klein skaal waarop Gelofteherdenkings tussen 1838 en 1880 plaasgevind het, kom aanvanklik teleurstellend voor, maar dit het tog wyer aandag vir die viering van Dingaansdag getrek. Dit word bewys deur die feit dat ds. Andrew Murray (1828-1917) in 1879 ‘n artikel in ‘n Engelse tydskrif gepubliseer het, waarin hy Transvalers se herdenking van 16 Desember verdedig het. In die artikel het hy die agtergrondgeskiedenis van die vakansiedag geskets en hulde aan Sarel Cilliers se eerbiediging van die Geloofte gebring.²⁶

²³ *De Kerkbode* 9(2), 1918-01-10 (Brief: H.F. Schoon, Ladysmith), p. 41; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 19.

²⁴ J. Ploeger, Uit die verlede: Dingaansdag, *Iscor Nuus* 11(12), Desember 1946, p. 639.

²⁵ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 20; D.J. Kotzé, Geloftedag – net vir gelowige mense, *Die Huisgenoot* 42(2177), 1963-12-13, p. 6; H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 14.

²⁶ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p 574; *De Kerkbode* 14(50), 1924-12-10 (Redaksioneel), p. 1628.

b. **Volksbyeenkoms en Geloofsviering by Wonderfontein (1879)**

Die Transvalers se ontevredenheid met die Britse anneksasie van hulle land het gaandeweg toegeneem. Deputasies na Europa om die ZAR se onafhanklikheid te probeer herwin, het op niks uitgeloop nie en die besef het gegroeи dat gewapende verset die enigste antwoord op die probleem sou wees.²⁷

Van 10 tot 17 Desember 1879 is ‘n volksbyeenkoms by Wonderfontein naby die huidige Luipaardsvlei aan die Wesrand gehou.²⁸ Die byeenkoms is op 16 November 1879 deur sir G.J. Wolseley (1833-1913), goewerneur van Transvaal, verbied. Hy het gedreig dat almal wat dit sou bywoon, van verraad beskuldig en swaar gestraf sou word, maar min het hulle daaraan gestuur. Meer as sesduisend burgers het by die saamtrek opgedaag.

Die verrigtinge het onder leiding van die Transvaalse Driemanskap, Paul Kruger, P.J. (Piet) Joubert (1831-1900) en M.W. Pretorius (1819-1901) gestaan. By hierdie geleentheid het Kruger homself as leier en openbare spreker bewys. Die eerste paar dae is die anneksasiekrisis bespreek.²⁹ Die volgende onderlinge belofte is aldaar genotuleer:

Dat het Volk verklaart, dat het met Gods hulp verlangt eene krachtige Regering der Z. A. Republiek, eerbiediging van de wet, ontwikkeling en vooruitgang van het land en dat het belooft man voor man daartoe te zullen medewerken en de opgetreden Regering te zullen verdedigen tot den dood toe.

Zoo waarlijk helpe ons God Almagtig!!

Aldus gedaan door ons van het Volk gekozen Voormannen, in naam van het volk der Zuid Afrikaansche Republiek te Wonderfontein, op heden den 15den dag van December 1879.³⁰

Daar is ook besluit dat die aksie op 16 April 1880 deur ‘n vergadering by Paardekraal opgevolg sou word.

²⁷ D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (eds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 158.

²⁸ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 21.

²⁹ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 412, 648, 886; M.J. Swart, Eerste Geloftedag in die Republiek, *Die Huisgenoot* 42(2074), 1961-12-15, p. 6.

³⁰ *De Volksstem*, 1879-12-23 (Uittreksel uit de notulen), p. [2].

Verder het die teenwoordiges 16 Desember 1879 hoofsaaklik aan die feestelike herdenking van Dingaansdag gewy. Vroegoggend het ‘n skynaanval op die naburige heuwels plaasgevind. Meer as eenduisend-vyfhonderd ruiters het hieraan deelgeneem. Nie alleen het dit die Slag van Bloedrivier in herinnering geroep nie, maar die mans ook op oorlog help voorberei. Sedert hierdie fees het skynaanvalle en militêre items ‘n integrale deel van talle Dingaansfeeste geword. Nadat die manuevers ten einde geloop het, is die gebeure van 1838 met vertellings oor die “ou dae”, gebede en sang herdenk.³¹ Toesprake is onder andere deur Paul Kruger en die Colesbergse lid van die Kaapse Parlement, P. Watermeijer, gehou. Laasgenoemde het verklaar dat hy baie in die Transvaalse Afrikaners se feesdag belanggestel het — ‘n aanduiding van hoe 16 Desember mettertyd ‘n band tussen Afrikaners in alle dele van Suider-Afrika sou smee. Verskeie eredienste is ook deur die loop van die program gehou.

Om 18:00 is die volksvergadering voortgesit. Die aanwesiges het toe onder meer besluit om ‘n handelsverbod teen alle mense met ‘n verband met die Britse Regering in te stel, alle Engelse boeke en dokumente in hulle besit te verbrand, hulle kinders uit Engelse skole te verwyn, nie langer die praat van Engels in hulle huishoudings toe te laat nie en herberg aan Engelssprekendes te weier indien die anneksasie langer sou voortduur. Die besluite sou ook aan simpatiekgesindes in die Oranje-Vrystaat, Kaapkolonie en Natal oorgedra word.³²

Vir die eerste keer het leiers in 1879 besef dat 16 Desember ‘n nuttige basis was waarop gesamentlike optrede gevvestig en bespreek kon word.³³ Dit is interessant om daarop te let dat swart weerstandsbewegings in die twintigste eeu die vakansiedag op ‘n soortgelyke wyse sou benut.³⁴

c. Volksvergadering by Paardekraal en die ontstaan van die sogenaamde Paardekraalgelofte (1880)

Gedurende 1880 het die Driemanskap (Kruger, Pretorius en Joubert) verskeie vergaderings deur die ZAR gehou waar hulle oor die herwinning van die Republiek se onafhanklikheid met die volk

³¹ *De Volksstem*, 1879-12-23 (De Boerenbijeenkomst), p. [4].

³² *De Volksstem*, 1879-12-23 (Uittreksel uit de notulen), p. [2]; F. Pretorius, Geloftedag deur die jare, in A.P. van der Colf (red.), “Hier staan ons ...” *Geloftefeesbundel*, p. 65; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 50-51.

³³ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 22.

³⁴ *Die Burger*, 1975-12-16 (Kommuniste het 16 Desember vir saamtrekke gekies), p. 8.

gepraat het.³⁵ Van 8 tot 14 Desember 1880 is ‘n groot volksvergadering by Paardekraal gehou. Op 12 Desember 1880 was daar reeds tussen vier- en vyfduisend mans byeen toe ds. N.J. van Warmelo (1835-1892) van Heidelberg se Ned. Herv. Gemeente die diens gelei het.³⁶ Van Warmelo se rol by hierdie geleentheid is later aan Cilliers se optrede voor die Slag van Bloedrivier gelykgestel.³⁷ Dieselfde dag nog is die leiding van die vryheidstryd in die hande van die Driemanskap geplaas. Op 13 Desember 1880 het hulle ‘n proklamasie uitgereik wat die herstel van die Republikeinse Regering aangekondig het.³⁸

Die volgende dag, 14 Desember, het Kruger die mans toegespreek. Hy het verklaar dat die rantjies se klippe getuies was van hulle verbond om nie te rus tot Transvaal weer vry was nie. Daarop het die aanwesige mans (soos in 1838, was sover bekend, geen vroue by die verrigtinge betrokke nie) spontaan klippe begin aandra en ‘n hoop van ongeveer drie meter hoog as simbool van hulle verbintenis tot God gestapel.³⁹ Die geleentheid is beskou as ‘n herverbintenis tot die Gelofte van 1838, maar hierdie keer was dit op die stryd teen Brittanje gemik.⁴⁰ Wie die inisiatief om die klippe te stapel geneem het, is nie seker nie. Dit word onder andere aan die hele vergadering onderling, Kruger of Joubert toegeskryf.⁴¹ Die Vierkleur is bo-op die kliphoop gehys.⁴² In later jare is beweer dat die klippe as voetstuk vir die Vierkleur gedien het,⁴³ of dat dit bloot ‘n platform vir die sprekers moes skep. Hoofsaaklik was dit egter ‘n tasbare herinnering aan die onderlinge onderneming om tot die dood toe vir die vryheid van die ZAR te veg en daaraan dat jaarliks op 16 Desember by Paardekraal feesgevier sou word indien God andermaal aan die burgers uitredding sou verleen.

Weens die plegtige aard van die byeenkoms en omdat dit eerder om die Transvaalse vryheidstryd as om die herdenking van 1838 se uitredding gegaan het, is later beweer dat ‘n

³⁵ A.D. Pont, Die boodskap van Geloftedag, *Die Christelike Kultuuraksie VI*, p. 5.

³⁶ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p 840; W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, pp. 17-18.

³⁷ A.D. Pont, Geloftedag, *Die Hervormer* 67(9), Desember 1976, p. 7.

³⁸ D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 159.

³⁹ W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, pp. 17-18.

⁴⁰ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 17-19; M.J. Swart, Eerste Geloftedag in die Republiek, *Die Huisgenoot* 42(2074), 1961-12-15, p. 6; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 51.

⁴¹ K. Papp, Die oorsprong van die “Paardekraal-Gelofte”, *Hervormde Teologiese Studies* 51(1), Maart 1995, pp. 197-199.

⁴² D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 17-19; M.J. Swart, Eerste Geloftedag in die Republiek, *Die Huisgenoot* 42(2074), 1961-12-15, p. 6; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 51.

⁴³ D.J.C. van Wyk, ‘n Monument vertel V: Paardekraal Monument, *Die Hervormer* 66(9), Desember 1975, p. 13.

nuwe gelofte in 1880 afgelê is. Van die aanwesiges kon net onthou dat 1838 se Gelofte hernu is en het nik van ‘n nuwe, afsonderlike verbintenis met die Here geweet nie. Die Paardekraal Dingaansfeeskomitee het sedert 1944 navorsing gedoen om vas te stel of daar wel van ‘n afsonderlike Paardekraalgeloof sprake was. Geen getuienis kon in hierdie verband gevind word nie. Inligting is wel bekom oor die plegtige verklaring wat in 1879 by Wonderfontein gemaak is. Vanaf 1946 het dié komitee hierdie verklaring jaarliks in Paardekraal se Dingaansfeesprogramme herdruk, as sou dit “Paardekraal se gelofte van 1880” wees.⁴⁴

Dit is tog interessant om die sogenaamde Paardekraalgeloof se bewoording te bestudeer. Enkele variasies in spelling en punktuasie kom voor, maar dit lui hoofsaaklik soos volg:

In de tegenwoordigheid van den Almachtigen God, den kenner aller harten, onder biddend opzien om Zijn genadige hulp en ontferming, zijn wij, Burgers der Zuid-Afrikaansche Republiek, plegtig overeengekomen, gelijk wij bij dezen overeen[ge]komen, om voor ons en onze kinderen een heilig verbond op te richten, hetwelk wij met plegtigen eed bezweren. Ruim veertig jaren is het geleden, dat onze vaderen de Kaapkolonie ontvlucht zijn, om een vrij en onafhankelijk volk te worden. Deze veertig jaren waren veertig jaren van smart en lijden. Wij hebben Natal, den Oranje-Vrijstaat en de Z-Afrikaansche [sic] Republiek gesticht, en driemalen heeft de Engelsche Regeering onze vrijheid vertrapt. En onze vlag, die onze vaderen met hun bloed en tranen gedoopt hebben, van den grond gehuld [neergehaal]. Als door een dief in den nacht is onze vrije Republiek weggestolen. Wij kunnen en wij mogen dat nie dragen. God wil, dat de eerbied onzer vaderen en de liefde jegens onze kinderen ons voorschrijft, het erfpaard der vaderen ongeschonden aan onze kinderen over te leveren. Daarom is het dat wij hier bijeentreten en dat wij elkander de hand geven, als mannen, broeders, plegtig belovende, trouw te houden aan ons land en volk en met het oog op God zamen te werken tot den dood toe, voor de herstelling van de vrijheid onzer Republiek. Zoo waarlik helpe ons God Almachtig!⁴⁵

Selfs al is hierdie woorde in 1880 by Paardekraal herhaal, is dit duidelik dat dit nie dieselfde tipe ooreenkoms as die Gelofte van 1838 is nie. Laasgenoemde was ‘n gelofte van die Trekkers teenoor God, terwyl die bewoording van 1879 dui op ‘n plegtige onderlinge verbintenis tussen die aanwesiges wat voor God beëdig is. Dit is egter ‘n treffende weerspieëeling van die gevoel wat op die vooraand van die Anglo-Transvaalse Oorlog (1880-1881) onder die burgers geheers het.

⁴⁴ K. Papp, Die oorsprong van die “Paardekraal-Geloof”, *Hervormde Teologiese Studies* 51(1), Maart 1995, pp. 197-199, 204-206.

⁴⁵ Paardekraalse Feeskommissie, “Staatsfees” 1961 Paardekraal, p. [10]; C.J. Mans, Die draagkrag van die Geloftes van 1838 en 1880, *Hervormde Teologiese Studies* 22(4), 1966, p. 101; K. Papp, Die oorsprong van die “Paardekraal-Geloof”, *Hervormde Teologiese Studies* 51(1), Maart 1995, p. 192.

d. Die Anglo-Transvaalse Oorlog (1880 tot 1881)

Die ZAR se hersaamgestelde regering het onder leiding van die Driemanskap van Paardekraal na Heidelberg vertrek en op 16 Desember 1880 is die Vierkleur by die landdrosgebou aldaar, asook by Paardekraal, gehys. Dieselfde dag nog het die eerste skote van die vryheidstryd in Potchefstroom geklap.⁴⁶ Van die ooggetuies van hierdie skermutseling het dit as ‘n bestiering van God beskou dat die stryd huis op 16 Desember ‘n aanvang geneem het. Vir hulle was dit ‘n teken dat die Boere, soos in 1838, deur Sy hulp die oorwinning sou behaal.⁴⁷

Die klimaks van die Anglo-Transvaalse Oorlog was onteenseglik die Slag van Amajuba, wat op 27 Februarie 1881 plaasgevind het. Die feit dat dit, soos Bloedrivier, ook ‘n Sondagslag was waar die Boere teen alle verwagtinge in ‘n glorieryke oorwinning behaal het, het nie ongemerk verbygegaan nie. Sommige mense het gevoel dat ‘n gelofte op 16 Desember weer met ‘n wonderwerk beantwoord is. Dit het nog nouer bande tussen 1838 en 1880 se aksies gevestig.⁴⁸

Op 6 Maart 1881 is ‘n wapenstilstand tussen die Britse en Boeremagte onderteken, waarop ‘n vredesooreenkoms op 23 Maart 1881 gevolg het. Die Driemanskap het die regering van Transvaal oorgeneem en dit was vir alle praktiese doeleindes weer ‘n onafhanklike Boererepubliek.⁴⁹

Die sukses van die stryd het verseker dat 16 Desember voortaan veral vir Transvalers ‘n nuwe betekenis sou aanneem.⁵⁰ Omdat die oorlog huis op hierdie dag uitgebreek het, is die viering daarvan vir hulle van ‘n historiese aksie tot ‘n aktualiteit verhef. Naas die historiese dimensie van feeste, sou die nasionale aspek voortaan al sterker by herdenkings op die voorgrond tree.⁵¹ Vanaf 1881 is die fees op 16 Desember dikwels deur Transvalers die Paardekraalfees, in plaas

⁴⁶ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 23; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 159.

⁴⁷ J.D. Weilbach en C.N.J. du Plessis, *Geschiedenis van de emigranten-Boeren en van den Vrijheids-Oorlog*, pp. 150, 400.

⁴⁸ A.P. van der Colf, Die erns van die Geloofte in ons tyd, *Handhaaf* 16(2), November 1978, p. 14.

⁴⁹ D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 160.

⁵⁰ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 17-19; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 51.

⁵¹ F.A. van Jaarsveld, Geloftedag in die ban van die tyd, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 18 (3 en 4), September en Desember 1978, p. 228.

van die Dingaans- of Geloftefees, genoem.⁵² Vir talle Afrikaners het die feit dat 16 Desember in 1880 so plegtig gevier is, ‘n verklaring gebied van waarom die oorwinning oor Brittanje behaal is. Terselfdertyd het dit aan hulle verklaar waarom die ZAR in 1877 geannekseer is — dit was God se straf omdat die Geloofte van 1838 vir soveel jare nie na behore herdenk is nie.⁵³ Sodoende is die viering van die dag voortaan in die ZAR verseker. Die teleurstellende geesdrif waaroor *De Volksstem* in 1875 gekla het, het nie meer gegeld nie!

5. GELOFTEVIERINGS VAN 1881

a. Dankfees by Paardekraal (13 tot 16 Desember 1881)

Aangesien die volk die herverkryging van die ZAR se vryheid so direk aan die hernuwing van die Geloofte by Paardekraal in 1880 toegeskryf het, het die Volksraad besluit om van 13 tot 16 Desember 1881 ‘n algemene byeenkoms by Paardekraal te reël. Volgens ‘n Volksraadsbesluit van 11 Oktober 1881, sou die volk hulle daar voor God verootmoedig, maar ook Sy grootse dade en wondere herdenk. Hulle sou wel die oorwinning van 1838 in herinnering roep, maar die uitredding van 1881 is in hierdie stadium as ‘n groter oorwinning beskou. Die naam Dingaansdag was nou algemeen vir 16 Desember in gebruik.⁵⁴

Die 1881-fees by Paardekraal is deur ‘n geraamde tien- tot vyftienduisend mense (vroue en kinders ingesluit) bygewoon. Meer as tweeduiseend-seshonderd rytue kon daar getel word. Deelnemers het selfs uit die Oranje-Vrystaat opgedaag. *De Volksstem* het egter met teleurstelling berig dat daar min verteenwoordiging en geen persdekking uit die Kaapkolonie teenwoordig was nie. Staanplek is vir die vele waens en kampeerders met afgewitte klippe om Paardekraal se klipstapel uitgelê. ‘n Platform is langs die gedenkteken opgerig van waar die sprekers en predikante met die aanwesiges kon praat.

Om 06:00 op 13 Desember 1881 het ‘n saluut van een-en-twintig skote deur die Transvaalse Artilleriekorps die dag ingelei. Dit het die aanwesiges na ‘n gebedsbyeenkoms by die

⁵² P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 55.

⁵³ W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, pp. 79-80.

⁵⁴ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 20-23.

gedenkteken opgeroep. Godsdiensoefeninge is van 07:00 tot 08:00 vir almal, 15:00 tot 17:00 vir die jeug en 19:00 tot 20:00 vir die oues van dae gehou. ‘n Algemene volksbyeenkoms het van 10:00 tot 12:00 plaasgevind. By dié geleentheid het pres. Paul Kruger, genl. Piet Joubert en ander sprekers toesprake gehou. Hulle woorde is met die sing van geestelike liedere afgewissel. Adresse vanuit Nederland en die Vrystaat is ook voorgelees.

Soos die vorige dag, het 14 Desember 1881 weer met ‘n gebedsbyeenkoms begin. Daarna is ‘n skietwedstryd met mededinging in verskeie kategorieë gehou. Die middag kon senior regeringsamptenare, lede van die Volksraad, kommandante, landdroste, veldkornette, die Britse diplomatieke verteenwoordiger, buitelandse besoekers en geëerde oues van dae ‘n feestelike middagmaal bywoon. ‘n Kinderkoor van die Potchefstroomse “Gouvernementsschool” het gedurende die ete vir die sowat tweehonderd gaste gesing. ‘n Magdom heildronke is ingestel, byvoorbeeld op die Driemanskap en Uitvoerende Raad, die Oranje-Vrystaat en die susterkolonies in Suider-Afrika, alle Europese State wat simpatie met die ZAR bewys het, asook die ZAR se regterlike mag, balie, amptenary, krygwese, landbou, veeteelt, koophandel, mynwese, pers en dames! Die gewondes en oorledenes van die Vryheidstryd is verder in herinnering geroep en kmdt.-genl. Piet Joubert het selfs ‘n heildronk op koningin Victoria (1819-1901) as suserein van die ZAR ingestel! Die dag is afgesluit met ‘n byeenkoms vir kinders waar hulle geskiedenis op eenvoudige wyse aan hulle oorgedra is. ‘n Vuurwerk- en ‘n towerlanternvertoning is ook gehou. ‘n Towerlantern was die voorganger van die hedendaagse skyfieprojektor en het deur middel van beligting, byvoorbeeld ‘n kers, beelde vanaf ‘n fotografiese plaatjie op ‘n wit skerm vertoon. Fotografiese uitbeeldings van die oorlogsgrafe by Bronkhorstspruit, Kerkstraat in Pretoria en ander bekende Transvaalse besienswaardighede is aan die teenwoordiges gewys.

Na afloop van ‘n oggenddiens het die program van 15 Desember 1881 uit perde- en boeresport (toutrek, boegsprietloop, mandjieloop, sakloop, hardloop, ringsteek en verspring) bestaan. Groot pryse is aan die wenners gebied, byvoorbeeld ‘n Martini-Henrygeweer en ‘n honderd patrone vir die vaardigste kunsruiter. In die aand was daar weer ‘n vuurwerkvertoning en ‘n aanddiens om 19:00.

Vanselfsprekend was 16 Desember die hoogtepunt van 1881 se Paardekraalfees. Die dag is om 07:00 met ‘n kanonsaluut van een-en-twintig skote ingelei. Ongeveer tweeduiseend gewapende ruiters het daarna vir ‘n wapenskou aangetree. Hulle is deur kmdt.-genl. Piet Joubert aangevoer. Van 10:00 tot ongeveer 12:30 is ‘n diens gehou en in die middag het ‘n volksbyeenkoms

plaasgevind. Nadat nog toesprake en adresse voorgelees is, is ‘n skietoefening deur die Artilleriekorps gehou. Die verrigtinge is om 16:00 met ‘n dankdiens afgesluit. Net voor sononder is ‘n vendusie van die breekgoed en tente wat deur die feeskomitee op die terrein gebruik is, gehou.

Tydens die fees is ‘n mark elkeoggend gehou en die verkopers het goeie pryse vir hulle ware behaal. Dit het die Regering laat oorweeg om ‘n jaarlikse mark met die Dingaansfees by Paardekraal te combineer. Die gedrag van die teenwoordiges was skynbaar deurgaans onberispelik en geen dronkenskap of bakleery het voorgekom nie. Geen polisiemag was teenwoordig of nodig om die skare in bedwang te hou nie.

Wat die inhoud van 1881 se feesboodskappe betref, is die gebeure van 1838 selde genoem. Vir die oomblik was die fokus veral op die pas afgelope stryd gerig. Alle eer vir die oorwinning oor die Britse Ryk is deurlopend aan God gegee en die groot aantal godsdienstige byeenkomste gedurende die fees, is ‘n goeie aanduiding van die geestelike aard van die saamtrek. Joubert het verder oor die handhawing van volksedes gepraat, terwyl M.W. Pretorius en sy mede-politikus, C.J. Bodenstein (1826-1885), op die waarde van ‘n eie handelsbank vir die ZAR gewys het. Hierdie toesprake het Dingaansdag gevestig as ‘n nasionale dag waaroor allerlei aangeleenthede van volksbelang gepraat kon word.⁵⁵

Tydens die fees is die klipstapel van 1880 verder aangevul deur mans en vroue van alle ouderdomme. Dit het met soveel ywer geskied dat dit na die byeenkoms skynbaar haas onmoontlik was om enige los klippe in die omgewing te vind!⁵⁶ Hierdie klipstapel het later as die “Mispa van die Transvalers” bekendgestaan.⁵⁷ Mispa is die naam van die plek waar ‘n kliphoop volgens Génesis 31 vers 49 as getuienis van Laban en Jakob se ooreenkoms met mekaar opgerig is en waar talle sleuteloomblikke in die Ou Testament later sou afspeel, soos

⁵⁵ *De Volksstem*, 1881-12-07 (Programma van de algemeene feestviering te Paardekraal, Zuid Afrikaansche Republiek), p. [4]; *De Volksstem*, 1881-12-21 (Het volksfeest op Paardekraal), pp. [3]-Bijvoegsel; *De Volksstem*, 1881-12-28 (Het volksfeest op Paardekraal), p. [3]; *De Volksstem*, 1881-01-04 (Het volksfeest op Paardekraal), p. [3]; D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 75; F. Wallis, *Nuusdagboek. Feite en fratse oor duisend jaar*, p. 185; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 23-27; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag (1838-1910) I*, *Die Huisgenoot* 19(665), 1934-12-21, p. 75; H.S. Pretorius, Dingaansfees by Paardekraal 1881, ‘n belangrike mylpaal in ons volksgeskiedenis, *Die Huisgenoot* 26(1029), 1941-12-12, p. 61; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 24-25.

⁵⁶ *De Volksstem*, 1881-12-21 (Redaksioneel), p. [2]; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 27; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag (1838-1910) I*, *Die Huisgenoot* 19(665), 1934-12-21, p. 81.

⁵⁷ *Ons Vaderland*, 1916-12-05 (Dingaansfeest), p. 5.

Jefta se nakoming van sy gelofte (Rigters 11 vers 34) en die salwing van Saul as koning oor Israel (I Samuel 10 vers 17).

b. Ander herdenkings van 1881

Paardekraal was nie die enigste plek waar Dingaansdag in 1881 herdenk is nie. In die Vrystaat is byeenkomste vanaf dié jaar gereeld op groeiende skaal by Vegkop aangebied.⁵⁸

Daar is ook by Weenen in Natal feesgevier. ‘n Sendeling, eerw. Theodorus Gluckner, het die preek waargeneem en daarna is die geskiedenis van die herdenking vertel. In die middag is wedstryde, soos naellope, aangebied. Dit was ‘n groot sukses en aan die einde van die dag het die aanwesiges besluit om 16 Desember voortaan jaarliks op hierdie wyse te gedenk.⁵⁹

6. INVLOED VAN DIE ANGLO-TRANSVAALSE OORLOG OP HERDENKINGS

Uit die sukses van die feeste van 1881 kan afgelei word dat die tradisie om groter saamtrekke in die opelug rondom Dingaansdag op plekke van historiese belang te hou, teen 1881 goed gevestig was.

Verder is die Gelofte van 1838 wyer bekendgestel en gepopulariseer omdat dit voortaan met die militêre sukses van Transvaal teen Brittanje in die Anglo-Tranvaalse Oorlog geassosieer sou word. Bykomende elemente, soos die legende oor die aflegging van die sogenaamde Paardekraalgelofte, sou tot gevolg hê dat herdenkings ná 1881 des te meer deur geïnspireerde Afrikaners as godsdienstige én nasionale plig beskou sou word.

⁵⁸ *Die Vaderland*, 1947-12-15 (Redaksioneel), p. 3.

⁵⁹ M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 25-26.